EKURHULENI NOORD DISTRIK

LEWENSORIëNTERING

GRAAD 11 HALFJAAR EKSAMEN, 2018

PUNTE: 80 **TYD: 1½ URE**

INSTRUKSIES:

1. **Die vraestel bestaan uit drie afdelings: Afdeling A, B en C**
2. **Die vrae in Afdeling A en B is verpligtend.**
3. **Beantwoord enige TWEE vrae in Afdeling C**
4. **Lees al die vrae aandagtig deur.**
5. **Nommer jou antwoorde presies soos op die vraestel aangedui.**
6. **Skryf asseblief netjies en leesbaar.**

Die vraestel bestaan uit 7 bladsye, insluitend die voorblad

Afdeling A (Verpligtend)
Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

Vraag 1

1.1 Verkeie opsies is gegee as moontlike antwoorde op die vrae.
Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die korrekte letter (A-D) langs die vraag nommer (1.1.1-1.1.10), by voorbeeld 1.1.11 D

1.1.1 ‘n Baccalaureus graad …

A sluit gewoonlik werkservaring in
B fokus op beginsels, teorie en navorsing
C fokus op algemene beginsels en hoe om hulle in ‘n spesifieke beroepsveld toe te pas
D stel jou in staat om krediete te verdien as jy vir ‘n diplomakursus wil inskryf (1)

1.1.2 Watter regeringsstruktuur verseker dat daar volhoubare dienste soos water en elektrisiteit is?

A Nasionale regering
B Provinsiale regering
C Plaaslike regering
D Tradisionele regering (1)

1.1.3 As jy linkerbrein dominant is … ….
A voltooi jy wat jy begin het
B is jy nie ‘n dagdromer nie
C maak jy opsommings om gefokus te bly.
D antwoord jy die feite vrae in jou vraestel eerste (1)

1.1.4 Wanneer jy veelvoudige keuse vrae beantwoord ….

A moet jy met die maklikste moontlike antwoorde begin
B moet jy die vrae beantwoord sonder om na die moontlike antwoorde te kyk
C moet jy die vraag sorgvuldig lees om te weet wat dit beteken
D moet jy jou antwoorde met bewyse staaf (1)

1.1.5 Chemikalieë wat gebruik word om voedsel te preserveer, te kleur en te geur :

A antibiotika
B hormone
C gifstowwe
D preserveermiddels (1)

1.1.6 Wetgewing beteken dat die land regeer word volgens …..

A besluite geneem deur die president van ons land
B besluite geneem deur die regerende party
C die wette uiteengesit in die Grondwet van ons land
D besluite geneem deur die verkiesingskommissaris (1)

1.1.7 Watter van die onderstaande konsepte beteken om die regering te probeer beïnvloed of regeringsamptenare te probeer beïnvloed om besluite vir of teen iets rakende regeringssake te maak?

A mandate.
B om in die loopgange met mense te koukus
C voorspraak.
D veldtogte. (1)

1.1.8 Watter stelling beskryf platoniese verhoudings die beste?

A Verhoudings met mense in ‘n senior posisie.
B Persone wat jy bloot ken.
C ‘n Intieme verhouding met iemand vir wie jy lief is, bv gesinslede.
D ‘n Persoon wat jy goed ken en vertrou. (1)

1.1.9 Soepelheid is .....

A die vermoë van gewrigte en spiere om beweging uit te voer sonder om beserings op te doen
B die vermoë om fisiese aktiwiteite met inspanning uit te voer en steeds energie oor te hou vir ander oefening
C die vermoë van die spiere in die liggaam om die meeste oefening met die meeste inspanning oor ‘n lang tyd uit te voer.
D die hoeveelheid vet, spiere en been in die liggaam (1)

1.1.10 Om aanspreeklik te wees ….

A laat mense toe om deel te neem en hou hulle ingelig.

B moet alle burgers van ‘n land die landswette gehoorsaam ongeag hoeveel mag die landsburgers het

C is om aanspreeklik gehou te word en jou aksies en besluite te verduidelik

D is om openlik, sonder om iets weg te steek, maklik verstaanbaar en openlik te wees. (1)

(10x1) 10

1.2 Verduidelik die volgende begrippe kortliks in jou eie woorde:

1.2.1 Kardio-vaskulêre uithouvermoë (2)

1.2.2 Verhoudings (2)

1.3 Gee die korrekte woord/e vir die volgende omskrywings. Skryf slegs die woord/e langs die vraagnommer neer.

1.3.1 ‘n Geskrewe dokument wat mense teken om aan te dui wat hul van ‘n persoon of organisasie verlang/verwag om te verander. (1)

1.3.2 Die vermoë om te studeer en te leer deur ervaring en in die praktyk te wees. (1)

1.3.3 Die aanmoediging van ‘n Suid-Afrikaanse identiteit, nasionale eenheid en ‘n gedeelde gevoel om te behoort. (1)

1.3.4 ‘n Groep mense met die mag om wette te verander. (1)

1.4 Hoe lank neem dit om koerante om aft e breek? (1)

1.5 Waarvoor staan die afkorting L.M.I? (1)

[10]

Totaal Afdeling A: [20]

Afdeling B (Verpligtend)

Beantwoord ALLE vrae in hierdie afdeling.
Skryf jou antwoorde in volsinne neer.

Vraag 2

2.1.1 Noem DRIE komponente van fiksheid. (3)

2.1.2 Noem TWEE skadelike uitwerkings wat oormaat visvangste op die omgewing en mense het. (4)

2.1.3 Verduidelik die TWEE tipes verteenwoordiging in die Suid-Afrikaanse demokratiese stelsel.

l(4)

2.1.4 Beskryf TWEE wyses hoe die media negatief op waardes en idees oor verhoudings kan wees. (4)

2.1.5 Wat is die verskil tussen ‘n beurs en ‘n vakleerlingskap? (4)

[15]

Vraag 3

Lees die onderstaande gedeelte en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Gesonde verhoudings lei tot beter lewens

Nie alle verhoudings is ten alle tye perfek nie, maar meestal laat ‘n gesonde verhouding jou veilig, gelukkig, geliefd, gerespekteerd en vry voel om jouself te wees. As jy in ‘n verhouding is wat jou bang, verneder, beheer, laat voel of as jy ‘n slagoffer is van fisieke,emosionele of seksuele misbruik,soek hulp.Hou altyd jou welstand in gedagte en leer om ongesonde verhoudings vroeg te identifiseer.
Mense kompromeer dikwels heeltemal te veel in ‘n verhouding met die gevolg dat hulle selfs hul eie individualiteit in die proses prysgee. Een ding wat jy moet onthou is dat jy in ‘n verhouding betrokke geraak het as ‘n volledige persoon-met jou eie uniekheid. Dit is waarskynlik wat jou maat na jou toe aangetrek het in die begin. Dit is daarom belangrik dat jy jou uniekheid behou, want sodra jy dit begin verloor, gaan jou maat die persoon verloor met wie hy/sy in die begin betrokke geraak het.

Verkry van -http://thenationshealth.aphapublications.org/content/41/2/20.

3.1 Noem VIER kwaliteite in ‘n persoon wat bydra tot ‘n gesonde verhouding.
(4x1) **(4)**

3.2 Bespreek TWEE vroeë waarskuwingstekens wat daarop dui dat die verhouding toksies/ongesond is.
(2x2) **(4)**

3.3 Wat beteken INDIVIDUALITEIT in ‘n verhouding? Verduidelik aan ‘n maat hoe om sy/haar individualiteit in ‘n verhouding te behou. (3x1) **(3)**

3.4 Stel TWEE strategieë voor wat ‘n vriend/in kan aanleer om hom/haarself in ‘n ongesonde verhouding te handhaaf/beskerm. (2x 2) **(4)**

[15]

Afdeling C

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

Jou antwoorde moet in die formaat van ‘n kort opstel aangebied word. Punte sal slegs toegeken word indien jou antwoorde in vol sinne aangebied word.

Vraag 4

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

Chiefs, Pirates het ‘n geskiedenis van ondersteuneraggressie

JOHANNESBURG – Kaizer Chiefs en Orlando Pirates is gewoond daaraan om voor die Premier Sokker Liga se dissiplinêre komitee te verskyn a.g.v ondersteuneraggressie.

Saterdag, met Chiefs wat 2-0 teen Free State Stars verloor het in die Nedbank beker semi-finaal in Durban, het Chiefs-ondersteuners op die veld gegaan, chaos veroorsaak en ernstige skade aangerig. Die straf wat die Soweto reuse in die verlede opgelê is,was duidelik te lig of inkonsekwent. Dit is die rede waarom Chiefs daarin gefaal het om die bowery stop te sit.

http://www.iol.co.za, 23 April 2018

Skryf ‘n opstel oor toeskoueraggressie na aanleiding van die onderstaande hoofpunte:

- Beskryf kortliks wat met toeskoueraggressie bedoel word. (3)
- Wat veroorsaak toeskoueraggressie? (6)
- Hoe kan sportwedstryde veilig gehou word? (6)

[15]

Vraag 5

Lees die volgende gedeelte aandagtig deur en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

Veldbrande verwoes die ooste van Suid-Afrika.

'n Prentjie van dood en vernietiging was Maandag sigbaar toe amptenare die skade van veldbrande wat etlike provinsies geteister het,bepaal het.Teen laatmiddag het nege veldbrande nog in Mpumalanga en Swaziland gewoed.Nog wegholbrande is ook in Kwazulu-Natal aangemeld.Die naweek het ten minste 13 lewens in Kwazulu-Natal geëis en ses brandweermanne is in Mpumalanga dood. Sommige nuusberigte het berig dat so veel as 17 mense in Mpumalanga gesterf het.Nog wegholbrande is in Kwazulu-Natal aangemeld.

http://mg.co.za

Skryf 'n opstel oor veldbrande waarin jy die probleem onder die volgende hoofopskrifte bespreek.

- Oorsake van veldbrande. (4)
- Uitwerking van veldbrande op die mens en omgewing. (5)
- Hoe om veiligheid te verseker waneer daar veldbrande is (6)

[15]

Vraag 6

Lees die onderstaande gedeelte aandagtig deur en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

Hormone en chemiese middels verbind met hormoonweerstand.

'n Oormatige gebruik van antibiotika,hormone en chemiese middels word teen 'n ongekende tempo steeds in Suid-Afrika, die V.S.A en China gebruik. Alhoewel dit bekend is dat die gebruik van antibiotika en hormone in die teel van diere as skadelik beskou word, hou die die gebruik van kunsmatige en chemiese middels in landbou produksie ook onnodige risiko's in.

Skryf 'n opstel oor insekdoders, hormone en antibiotika in landbouproduksie onder die volgende hoofopskrifte.

- Gee TWEE redes waarom hierdie antibiotika aan diere toegedien word (2x2) (4)
- Verduidelik hoe hierdie antibiotika swak gesondheid kan veroorsaak.(2x2) (4)
- Gee 'n kritiese bespreking oor die voordele en nadele van die gebruik van insekdoders in landbouprodukte. (3+4) (7)

[15]

TOTAAL vir Afdeling C: 30
GROOTTOTAAL : 80